MYMERINGE VAN 'N OU MAN

- 'N RADIODRAMA -

Uitgesaai deur RSG Radioteater op 12 Oktober 2017

deur

Dolf van Niekerk

Toestemming vir opvoerregte/kopiereg berus by:

stephanie.wordcraft@gmail.com

MYMERINGE VAN ‘N OU MAN

Deur

Dolf van Niekerk

Radio Sonder Grense

Datum:

Tyd:

ROLVERDELING:

JOHAN: 88 jaar oud

JOHAN: 11 jaar oud

STUDENT: 20 jaar oud

DALENE: 50 jaar oud

RETA: 25 jaar oud

MA: 45 jaar oud

JAN: 45 jaar oud

FLIP: 40 jaar oud

WILLEM: 23 jaar oud

PROF: 55 jaar oud

1. JOHAN: Hierdie plekke het nie ‘n enkele stoep nie – alles is toe en op mekaar gedruk. Jy kan nie meer op ‘n stoep sit en uitkyk na die wêreld nie.

2. DALENE: Ja, daar is net nie meer plek vir ‘n stoep nie – dit neem ruimte in beslag en maak die bouery duurder, so sê hulle.

3. JOHAN: Dis seker waar… Bou dan maar hokkies vir liggaam en gees.

BYK: SWAAR VOERTUIG RY VERBY

4. JOHAN: En die reuke – dis of die hele wêreld stink. ‘n Mens kan nie meer in goeie lug of stilte lees of skryf nie.

5. DALENE: Jy’s regtig omgekrap vandag.

6. JOHAN: Verskoon tog maar… Dis oor die ruimte en die stilte. Veral as dit voel of my keel toegedruk word, verbeel ek my ek is in die Karoo. Wyd en vars en oop. Ek hoop die Karoo sal altyd so wees en nie soos ons kortstondige lewens besoedel raak nie. Ons smag na die volmaakte, maar hier sal ons dit nie vind nie.

7. DALENE: Jy het ‘n vol lewe gelei… en jy is nog hier. Kan ek vir jou ‘n kussing bring?

8. JOHAN: Ek sit goed, dankie.

9. DALENE: Jy sal nie erken dat jy party dae eensaam voel nie, maar dink jy nie dis tyd om na ‘n aftree-oord te beweeg nie? Daar is mense, soms ‘n kliniek en ‘n eetsaal.

JOHAN: /

1. JOHAN: Ek sien nie daarvoor kans nie. En wat van my boeke? Ek kom goed oor die weg. Ek is waar ek moet wees.

2. DALENE: En eenkant wees…

3. JOHAN: ‘n Mens kan nie helder in ‘n geroesemoes dink nie…

4. DALENE: Jy moet ook maar aan môre dink wanneer jy nie meer so sterk is nie.

5. JOHAN: Ek sal wel daaroor dink as die tyd aanbreek.

BYK. GEROESEMOES VAN STEMME

6. STUDENT: Verskoon, Professor…

7. JOHAN: Ja…?

8. STUDENT: Ek het gewonder – ek bedoel…

9. JOHAN: Praat maar.

10. STUDENT: As u nie omgee nie…Ek het ‘n paar bladsye wat ek in die toringkamer se biblioteek geskryf het.

11. JOHAN: Waaroor handel dit?

12. STUDENT: U het een maal in die klas daarna verwys, toe wonder ek watter van die ou Griekse filosowe se idees vandag nog belangrik is.

13. JOHAN: Plato, Aristoteles of Herakleitos?

STUDENT: /

1. STUDENT: Ek het onlangs ‘n gedig gelees waarin die digter sê alles loop aaneen in tyd.

2. JOHAN: Herakleitos dus.

3. STUDENT: Ja, Professor… En ek het ook gelees hy het in eensaamheid geleef.

4. JOHAN: Hy was ‘n aristokraat. Die gemeenskap het hom verwerp oor die manier waarop hy oor die wêreld en die lewe gedink het. Ek kyk graag na jou studiestuk. Dis jou eie onderneming, ek hou daarvan…

5. STUDENT: Dankie, Professor…

BYK. KINDERSTEMME IN SPEL

6. MA: Johan, ek het gesê jy moet huis toe kom.

7. JOHAN: Ons speel nog, Ma – dis nog vroeg.

8. MA: Speel met wie? Ek het jou gesê…

9. JOHAN: Ek kom, Ma.

BYK. KINDERSTEMME VERDER WEG

10. MA: Hulle is nie ons mense nie.

11. JOHAN: Wie is ons mense, Ma?

12. MA: Jy weet baie goed.

13. JOHAN: Ek weet nie, Ma. Almal speel dieselfde speletjies…

MA: /

1. MA: Almal is nie eenders nie, Johan. Maar ek het klaar gepraat. Buitendien, jou pa is netnou terug.

2. JOHAN: Dink Ma hy het ‘n skeersel gekry?

3. MA: Ek weet nie. Tye is swaar, ook vir die boere. Almal sukkel.

4. JOHAN: Is ons arm, Ma?

5. MA: Waar kom jy daaraan om so iets te vra?

6. JOHAN: Ek hoor hoe Ma en Pa praat.

7. MA: Ons was nog nooit arm nie.

8. JOHAN: Is dit ‘n skande om arm te wees, Ma? My maats is ook arm.

9. MA: Dis oor die oorlog. Die oorlog maak almal arm. Dis hoekom jou pa sy besigheid moes sluit.

10. JOHAN: As dit weer vakansie is wil ek saam met Pa plase toe gaan.

11. MA: Om wat te maak? Jy sal hom moet vra.

12. JOHAN: Ek sal hom nie pla nie… Miskien leer ek iets van wol en sulke goed. Ek was nog nooit op ‘n regte plaas nie.

13. MA: Wat sal dit nou eintlik vir jou beteken?

14. JOHAN: Dalk kan ek Pa help.

15. MA: Dan sal ek meer padkos moet maak.

JOHAN: /

1. JOHAN: Dit sal lekker wees, Ma.

BYK. GELUID VAN KOPPIES ENS.

2. DALENE: Ek het vir ons tee gemaak. Ek weet jy is eintlik ‘n koffiedrinker.

3. JOHAN: Ek dink ek het genoeg koffie gedrink in die nagte toe ek geskryf het. Maar jy doen soveel moeite…

4. DALENE: Waarvan praat jy tog. Wanneer is dit moeite vir iemand wat jy liefhet?

5. JOHAN: Daar is soveel boeke wat ek nog moet lees.

6. DALENE: Nog filosofie – na al die jare?

7. JOHAN: Filosofie is deel van my lewe, net soos die Karoo. Maar nou wil ek meer oor die aarde lees, oor die geskiedenis van die Karoo… Oor die groot pootspoor in die skalierots wat ek op ‘n plaas gesien het.

8. DALENE: ‘n Nuwe studieveld. Moenie vergeet om jou tee te drink nie.

9. JAN: Johan, kom groet oom Hentie en sy seun Oelfie… Oelfie is in die plaasskool. Julle twee kan die wolbale trap – ek sal julle wys.

10. JOHAN: Dankie, Pa.

BYK. GEBLêR ‘N RUKKIE ALLEEN IN DIE AGTERGROND

11. JAN: Oom Hentie het ons genooi om in die huis te gaan eet, maar ek het vir hom gesê ons het kos saamgebring.

1. JOHAN: Ek weet Pa eet nie graag by ander mense nie.

2. JAN: Gaan haal die kosmandjie uit die kar. Ons hou sommer piekniek op die gras onder daardie doringboom. Sodra die skeerders geëet het, val ons in.

3. JOHAN: Kan en leer hoe om wol te klas, Pa?

4. JAN: Dis nie so eenvoudig nie, maar ek sal jou leer hoe om die loks en die penswol van die vag af te trek.

5. JOHAN: Ek wil ook graag die wolvag oor die sorteertafel gooi soos die skeerders dit doen.

6 JAN: Jy sal eers ‘n bietjie langer moet word. Dis nie so maklik nie.

7. JOHAN: Moet ons ons skoene uittrek as ons die bale trap, Pa?

8. JAN: Skoene het sand en goed aan die sole en dit kan die wol besoedel en dan is die wol minder werd.

9. JOHAN: Het oom Hentie baie skape, Pa?

10. JAN: Nee, nie so baie soos ander boere nie. Dis nie ‘n groot skeersel nie, maar dit sal help. Kry vir jou van Ma se lekker kos.

11. JOHAN: Ma is kwaad.

12. JAN: Waarvan praat jy nou, ou seun?

13. JOHAN: Dalk is Ma nie gelukkig nie. Sy was nie altyd so nie.

JAN: /

1. JAN: Tye is maar moeilik. Soos jy weet kom Ma uit ‘n ryk familie – sy is nie daaraan gewoond om sente om te draai nie.

2. JOHAN: Sy sê ons was nooit arm nie.

3. JAN: Kom ons eet. Dinge sal weer regkom.

BYK. GEBLêR VAN SKAPE X NA TIK-TAK VAN TREINWIELE OP SPOORSTAWE IN DIE AGTERGROND. NADER: GEPRONK VAN POSDUIWE.

4. FLIP: Vat ‘n slukkie van die koffie, dit help teen die koue. Jou skoolvakansie is nou omgekrap, maar jy het gesê jy wil alles saam met ons doen.

5. JOHAN: Ja, oom Flip – ek wil die geld verdien.

6. FLIP: Goed so… Sewe sjielings en ses pennies per dag is darem iets. Miskien kan jy iets goeds daarmee koop – soos ‘n fiets.

7. JOHAN: Dankie, oom Flip… Miskien kan ek ‘n paar boeke koop. Dankie vir die jas, Oom.

8. FLIP: Ja… Die ou swart spoorwegjasse is swaar, maar dit hou jou warm. Gelukkig hoef jy nie vannag met die swaar jas die ysterleer na die sinjaal uit te klim nie.

9. JOHAN: Dis ‘n wonderlike jas, Oom.

10. FLIP: Die groot koue wag vir ons by die halte naby die rivier.

11. JOHAN: Wat het gebeur, Oom?

FLIP: /

1. FLIP: Dis seker maar die koue. Een van die treindrywers het gesê dit klink vir hom of daar fout met die wissels is. Dit gebeur nogal baie in die winter.

2. JOHAN: Dis seker gevaarlik…

3. FLIP: Ja, ons moet dadelik aandag daaraan gee… Gelukkig het die goederetrein ons opgelaai. Die trajek is redelik stil dié tyd van die nag, dis net die passasierstrein Kaap toe wat verby moet kom.

4. JOHAN: En die duiwe, oom Flip?

5. FLIP: Dis posduiwe wat iewers gelos gaan word.

6. JOHAN: Hulle lyk anders as die dorp se duiwe.

7. FLIP: Dis opregte duiwe wat aan wedvlugte deelneem. Die stasiemeester maak die mandjies op die regte tyd oop. Dis nogal iets om te sien as hulle die lug vat en ‘n swerm maak. Nie lank nie dan kry hulle koers huis toe.

8. JOHAN: Hoe weet hulle waar hulle huise is? Hulle kan mos nie so ver sien nie.

9. FLIP: Niemand weet nie **–** miskien vind iemand eendag uit hoe hulle dit doen.

BYK. **TREIN KOM TOT STILSTAND**

FLIP: /

1. FLIP: Hier is ons… Ek en oom Sarel sal die gereedskapkiste dra. Bring jy die koffie en die lanterns saam met die flitslig.

BYK. **TREIN VERTREK EN DOOF UIT.**

2. FLIP: Ek het ongelukkig nie handskoene vir jou nie.

3. JOHAN: Die jas se moue is so lank ek trek hulle oor my hande.

4. FLIP: Net soos ek gedink het. Die wissel sluit nie behoorlik nie, die dun kant van die staaf is gebuig deur die koue. Sarel, ek dink ons moet die klampe aansit tot die passasierstrein verby is. Net om aan die veilige kant te wees.

5. JOHAN: Hoe ver is die trein, oom Flip?

6. FLIP: Ek sal by die stasiemeester uitvind. Daar is ‘n foon in daardie kassie aan die paal.

7. JOHAN: Ek het gewonder wat daar toegesluit is.

8. FLIP: Lig vir my dat ek kan oopsluit. **POUSE.** Is dit jy, Lewies? Hoe ver is 11-af? Al verby? Goed so, dankie. Die trein is op pad. As dit nie so koud was nie het ek vir jou gesê jy moet jou oor teen die spoorstaaf lê – jy sal die trein hoor aankom.

9. JOHAN: Weet die drywer van die wissel, Oom?

10. FLIP: Ja, die stasiemeester gee vir hom ‘n boodskap. Jy lyk vir my ‘n bietjie benoud…

JOHAN: /

1. JOHAN: Ek sal seker gewoond raak – ‘n lokomotief is ‘n ding wat jou bang maak.

BYK. LOKOMOTIEF NADER EN STOOM VERBY. X NA GELUID VAN MESSE EN VURKE SOOS GEËET WORD

2. MA: Johan, jy proe net aan jou kos.

3. JOHAN: Ek is nie eintlik honger nie, Ma.

4. MA: Is die kos sleg?

5. JAN: Hy sit so knaend agter die boeke, sy eetlus het verdwyn. Wanneer begin die eksamen, Johan?

6. JOHAN: Maandag, Pa.

7. JAN: Matriek is nie speletjies nie. Maar jy kan nie op ‘n honger maag leer nie.

8. JOHAN: Ek eet genoeg, dankie Pa.

9. MA: Jy moet sê as ek vir jou iets te ete moet bring.

10. JAN: Moet jou nie so bekommer nie. As jy goed vaar in die eksamen sal jy wel universiteit toe gaan.

11. JOHAN: Ek weet daar is nie geld nie, Pa.

12. MA: Dis nie heeltemal so erg nie, Johan. Maar as jy beurse kry sal dit dinge vir ons soveel makliker maak.

JOHAN: /

1. JOHAN: Ek probeer, Ma.

2. MA: En Jean? Julle praat seker oor volgende jaar. Wat is haar planne?

3. JOHAN: Sy wil natuurlik ook gaan studeer.

4. MA: Ek het haar lanklaas met die hondjies sien loop.

5. JOHAN: Sy is maar hard aan die leer.

6. JAN: Julle het lanklaas gekuier.

7. MA: Ek wonder altyd waaroor julle praat – sy is so Engels.

8. JOHAN: Ons lees gedigte.

9. JAN: Ek hoor hulle is van die Britse setlaars se mense uit die Oos-Kaap.

10. MA: Hoë mense.

11. JAN: Moenie so aangaan oor hoog en laag nie, my vrou.

12. MA: Hulle voel seker maar vreemd tussen ons. En Jean sal seker na een van die groot universiteite gaan soos Kaapstad.

13. JAN: Johan, jy sê sy is slim.

14. JOHAN: Ja, Pa. Jean-hulle is fyn mense. Ek voel nooit vreemd by hulle nie. Ek en Jean is nog vriende.

15. JAN: Dis goed dat jy ‘n vriendin het. Ek sien jy laat nie jou aandag aflei nie, jy weet waarheen jy mik.

16. JOHAN: Dankie, Pa. **BYK: /**

BYK. SELFOON LUI

1. DALENE: Ek moet antwoord. **POUSE.** Ja, dis sy wat praat… Goed, dis in orde. Dankie julle het laat weet. **NADER.** Ek ry gou winkel toe.

2. JOHAN: Dis goed so…

3. DALENE: Jy het gister gesê jy sal graag weer melkkos wil eet.

4. JOHAN: Dit was sommer pratery, ‘n gier uit die verlede.

5. DALENE: Ek gaan deeg soek, dan maak ek snysels. Hier is kaneel en alles wat ek nodig het.

6. JOHAN: Dis regtig nie nodig nie.

7. DALENE: Dit is nodig… en ek wil dit graag doen.

8. JOHAN: Ons kan liewer praat.

9. DALENE: Daar is nog tyd om te praat… Laat my toe om jou te verwen.

10. JOHAN: Ek gee bes.

BYK. STEMME VAN STUDENTE OP AFSTAND

11. JOHAN: Kan jy ‘n oomblik agterbly, meneer Burger?

12. STUDENT: Hier is ek, Professor.

13. JOHAN: Ek het jou studiestuk gelees. Selfstandige denke is die begin van vraagstelling en twyfel. ‘n Groot denker het gesê twyfel is die vader van die waarheid en onsekerheid die spoorslag tot besinning.

1. STUDENT: Dis ‘n stelling om oor te dink, Professor.

2. JOHAN: Ek het ‘n paar aantekeninge gemaak wat jy kan opvolg. Maar ek dink jy het Herakleitos se idee dat niks eintlik is nie maar altyd in wording is en ook altyd verander, redelik goed onder die knie gekry.

3. STUDENT: Ek spook nog daarmee, Professor.

4. JOHAN: Moenie ophou soek nie… of spook, soos jy dit stel.

BYK. MIN STEMME X NA STEMME BY ‘N INTERVARSITY

LOUIS ARMSTRONG SING ‘HELLO DOLLY’

5. RETA: Moenie so ernstig lyk nie. Jy kan maar ‘n bietjie gees vang – dis immers intervarsity.

6. JOHAN: Ek het soveel gees gevang as wat ek kan.

7. RETA: Dan steek jy dit goed weg. ‘n Mens kan maar jolig wees.

8. JOHAN: Jolig het baie gedaantes.

9. RETA: Ja, ou filosoof.

10. JOHAN: Die ou met die rasperstem – ek het hom al iewers gehoor…

11. RETA: Daardie rasperstem is beroemd.

12. JOHAN: So leer ‘n mens.

13. RETA: Jy het tog seker op skool rugby gespeel?

JOHAN: /

1. JOHAN: Ek was verplig – om die span vol te maak. Ons was maar min…

2. RETA: Ek brand om te weet in watter posisie die dromer gespeel het.

3. JOHAN: Reta, jy dryf die spot.

4. RETA: Ek is ernstig.

5. JOHAN: Vleuel…

6. RETA: Dan moes jy vinnig gewees het.

7. JOHAN: Nie regtig nie.

8. RETA: Ek het gedink dis goed dat jy ontspan voor jou aanslag op die akademie begin. Ek hoop ons kan darem nog saans gaan stap.

9. JOHAN: Natuurlik… Jy weet tog ek wil jou elke dag sien.

10. RETA: Dan moet ek jou maar vra… en jy moet eerlik antwoord.

11. JOHAN: Ek luister.

12. RETA: Het ons ‘n los vaste verhouding of ‘n vaste los vehouding?

13. JOHAN: Sover ek weet het ons ‘n vaste verhouding.

14. RETA: Nou weet ek.

15. JOHAN: Spot jy al weer?

16. RETA: Nee… Ek wou maar net sekerheid hê. Kom ons loop.

BYK. MUSIEK EN SKAREGELUIDE DOOF UIT. HELIKOPTER NABY IN VLUG

JOHAN: /

1. JOHAN: Die rusverstoorders… Stilte het ‘n bedreigde voorreg geword.

2. DALENE: Miskien soek hulle iets of iemand, jy weet hoe dit deesdae gaan.

3. JOHAN: ‘n Mens skrik as jou gedagtes van elders af skielik moet terugkom. Party dae is dit of ek twee ekke is. Die een ek kyk vir die ander ek en hulle wonder wie is wie. En elkeen het ‘n ander geskiedenis.

4. DALENE: Jou gedagtes dwaal ver. Maar jy het genoeg gedink, jy kan nou maar ’n bietjie ontspan.

5. JOHAN: As ek nie meer kan dink nie is ek mos nie meer ek nie.

6. DALENE: Jy sal altyd jy wees. Ek hoop jou twee ekke kom tot ‘n vergelyk en maak vrede met mekaar. Na baie jare kan ‘n mens maar genade aan homself betoon.

BYK. NA POUSE: KLOP AAN DEUR. DEUR GAAN OOP

7. JOHAN: Naand, Professor… Ek het net kom groet.

8. PROF: Ek is bly jy het gekom.

9. JOHAN: Ek wil maar net kom dankie sê.

10. PROF: Kom binne, ek wil met jou praat.

11. JOHAN: Ek wil nie pla nie…

12. PROF: Sit, asseblief. Ek het vandag die laaste vraestel gemerk. Dis nie maklik om jou handskrif te ontsyfer nie.

JOHAN: /

1. JOHAN: Dit spyt my, Professor… Die pen kon nie by die gedagtes bybly nie.

2. PROF: Dit net terloops… Kom jy aanstaande jaar nagraads doen?

3. JOHAN: Nee, Professor.

4. PROF: Dis ‘n kort antwoord. Ek weet nie wat die redes is nie, maar ek dink tog ons moet daaroor praat.

5. JOHAN: Daar is eintlik niks aan te doen nie.

6. PROF: Ek wil hê jy moet terugkom.

7. JOHAN: Ek kan nie, Professor. My pa is baie siek en daar is nie geld nie.

8. PROF: Die beurs sal alles dek.

9. JOHAN: Beurs, Professor?

10. PROF: Ja. Ek gaan jou as kandidaat vir ‘n magisterbeurs voorstel.

11. JOHAN: Maar, Professor, daar is soveel ander… ek bedoel… Ek sal dit nie haal nie…

12. PROF: Daar is net ‘n paar magisterbeurse, maar jy is ‘n sterk kandidaat.

13. JOHAN: Wat kan ek sê, Professor… Verskoon, ek bedoel… dat u so dink…

14. PROF: Nie wat ek dink nie, maar wat die eksamenuitslag sê. Oor vyf jaar tree ek af. Ek wil hê jy moet hier wees. Gaan bespreek dit met jou ouers, maar moenie sloer om my te laat weet nie. Geniet die vakansie.

JOHAN: /

1. JOHAN: Dankie, Professor… Dankie vir alles.

2. PROF: Dit hang van jou af – dink mooi daaroor na.

BYK. SPOORWEGSTASIE: TREINE WAT FLUIT ENS.

3. WILLEM: Gaan jy huis toe?

4. JOHAN: Ja, die eksamen is verby. Dit was my laaste jaar.

5. WILLEM: Gee jou fiets, ek sal sorg dat dit op die trein kom.

6. JOHAN: Jy lyk sommer fyn met jou spoorweguniform.

7. WILLEM: Ja, ek het verhoging gekry, nou moet ek sorg alles loop reg by die trollies en die mense se goed wat hulle op die stasie wil bêre.

8. JOHAN: Dis ‘n belangrike werk, Willem.

9. WILLEM: Het jy gedink ek sal so hoog opgaan?

10. JOHAN: Jou ma is seker trots op jou. Hoe gaan dit met jou ouers?

11. WILLEM: Ek stuur partykeer vir haar ‘n paar pond. Jy weet mos my pa is lankal dood?

12. JOHAN: Ek onthou. En ek sien hom nou nog elke middag die koeie in die kamp gaan haal.

13. WILLEM: Julle het mos ook koeie gehad.

4. JOHAN: Ja, drie van hulle. Ek en jou pa het dikwels die koeie saam huis toe gejaag.

WILLEM: /

1. WILLEM: En toe gaan leer jy. Ek het ook gaan leer en nou het ek ‘n uniform. Weet jy van my broer Wynand?

2. JOHAN: Nee, wat van Wynand? Ek het hom lanklaas gesien.

3. WILLEM: Hy het weggeloop van die huis af. Ons hoor niks van hom nie. Ek weet nie waar om hom te soek nie. My ma kry nie rus vir haar siel nie – sy weet nie of hy dalk dood is nie.

4. JOHAN: Miskien daag hy sommer eendag op. Dalk wou hy die wêreld gaan bekyk. Onthou van my fiets, Willem.

5. WILLEM: Sal nooit vergeet nie – ek het mos gesê…

BYK. STASIEGELUIDE DOOF UIT MET FLUIT VAN LOKOMOTIEF

6. DALENE: Skemer is mos jou gunstelingtyd.

7. JOHAN: Iemand het iewers oor die skemer geskryf: “die dag se vuur is geblus, dis tyd vir die engele”.

8. DALENE: Waarom is jy so lief vir die skemer?

9. JOHAN: Ek weet nie – dit is maar net so. Skemer laat dinge in my kop oopgaan. Dis ‘n oorgangstyd van lig na donker, byna soos die lewe se einde… Byna elke skemeraand is ek in die Karoo. Ek het altyd gekyk hoe die skemer uit die weste kom. Jy sien hom aankom, hy gly oor die berge en die gannabosse en ankerkaroo en voëltjie-kan-nie-sit-nie. Vir my was dit of hy deur die strate sluip en uiteindelik oor die huise en tuine kom lê. Die voëls sing hulle laaste sange vir die dag, die mense kom tot rus. DALENE: /

1. DALENE: En die gedig wat jy vir my gestuur het. Jy weet, ek ken dit van buite.

2. JOHAN: Ek kan dit nie mooi onthou nie…

3. DALENE: Kan ek jou geheue verfris?

4. JOHAN: Asseblief…

5. DALENE: *Ek stuur aan jou 'n skemer*

   uit die volheid van my skemers

   met vlinderspore van dae en nagte

   se verlange en ek weet

   as ek skemer in my hand kan vang

   vind ek jou liefde daarmee saam.

   Wie is die digter?

6. JOHAN: Ek weet nie…

7. DALENE: Was dit vir Reta? Julle is een skemeraand getroud, het jy al gesê. **POUSE.** Jy praat nooit daaroor nie. Miskien het dit tyd geword om dit oop te maak, al is dit moeilik.

8. JOHAN: Ek het skuldig gevoel omdat ek nie by haar was nie.

9. DALENE: Waar was jy?

JOHAN: /

1. JOHAN: In Duitsland… By ‘n filosofie-kongres aan die universiteit van Dresden.

2. DALENE: En toe?

3. JOHAN: Na die dag se besprekings het twee van my Duitse kollegas my genooi om daardie aand saam met hulle aan ‘n bedevaart deel te neem. ‘n Bedevaart vanaf die kerk wat in die tweede wêreldoorlog vernietig is na die nuwe kerk. Elkeen het ‘n kers gekry. Daar was honderde kerse, dit het die nag verlig. By die nuwe kerk het ‘n groot koor gesing. Toe ek by my verblyf kom, sê die portier daar was verskeie oproepe vir my. Hy het die foonnommers aangeteken – dit was uit Suid-Afrika, maar nie ons huisnommer nie.

4. DALENE: **NA ‘N STILTE:** Sê dit uit, Johan.

5. JOHAN: ‘n Militêre voertuig het haar motor getref en byna oor die motor gery…

6. DALENE: Vergewe my, Johan – ek moes nie uitgevra het nie.

7. JOHAN: Nou weet jy… En nou weet ek ook weer.

8. DALENE: Skemer is verby.

9. JOHAN: Ja, dis nag.

BYK. MOTOR OP PAD.

10. RETA: Het jy al jou dokumente en die referaat?

1. JOHAN: Dank aan my vrou…

2. RETA: Ek moet jou maar teen verstrooidheid beskerm.

3. JOHAN: Hierdie pad se toestand bekommer my. Jy moet asseblief versigtig ry as jy terugkom.

4. RETA: Ek ry altyd versigtig, veral as ‘n pad so nou is.

5. JOHAN: Jy is kosbaar, Reta. Meer as kosbaar.

6. RETA: Dankie, my man.

7. JOHAN: Ek dink dis die beste dat jy my net aflaai.

8. RETA: En dan?

9. JOHAN: Dan ry jy huis toe of na die instituut.

10. RETA: En wat word van jou tussen al die mense wat in rye met hulle bagasie staan?

11. JOHAN: Ek is darem nie só afhanklik nie.

12. RETA: Nie afhanklik nie, net ‘n bietjie wêreldvreemd. Nee, ek bly by jou tot jy moet instap.

13. JOHAN: Ek het gedink as jy dadelik ry, kan ek jou van ‘n hokkie af bel om te hoor of jy veilig tuisgekom het.

14. RETA: Bekommer jou nie oor my nie. Maar daar is iets anders waaraan jy daar ver in Dresden kan dink.

JOHAN: /

1. JOHAN: Laat ek hoor, slim vrou.

2. RETA: Dis ‘n ernstige saak.

3. JOHAN: Ek luister met aandag…

4. RETA: Ek het daaroor gedink… ’n rukkie al…

5. JOHAN: Dit klink geheimsinnig… Iets wat ek daar in die vreemde moet ontrafel om my verlange na jou hok te slaan?

6. RETA: Gelukkig sal jy baie besig wees. Ek het ‘n plan, Johan.

7. JOHAN: Vertel my daarvan…

8. RETA: My plan is dat ons ‘n gesin begin wanneer jy terug is by die huis.

9. JOHAN: Nou slaan jy my asem weg. Bedoel jy dit? Jy het nog altyd gesê die tyd daarvoor is nog nie ryp nie.

10. RETA: Daar was redes voor, ook finansieel. Maar baie dinge het verander.

11. JOHAN: En jou werk by die instituut?

12. RETA: Ek kan nog altyd deeltyds betrokke wees.

BYK. MOTOR TOT STILSTAND. X NA LUGHAWEGELUIDE

13. RETA: Dit lyk of al die mense die land verlaat…

14. JOHAN: Dis regtig nie nodig dat jy hier moet wag nie.

15. RETA: Ek het gesê ek wag saam met jou.

JOHAN: /

1. JOHAN: Wat jy netnou in die motor gesê het – ek weet jy praat nie ligtelik oor dinge nie.

2. RETA: Op die vliegtuig het jy genoeg tyd om oor vaderskap te dink.

3. JOHAN: Ek hoef nie daaroor te dink nie.

4. RETA: Jy het nooit daarop aangedring om ‘n gesin te begin nie.

5. JOHAN: Ek en jy loop die pad saam en ons het saam daarvoor gewag.

6. RETA: Jy moet gou terugkom… En nie vir die studente nie.

7. JOHAN: Ek draai sommer om… Toe maar, as jy jou kom kry staan ek voor jou deur.

BYK. LUGHAWEGELUIDE DOOF WEG. X NA DORP SE KERKHORLOSIE WAT AGTUUR SLAAN

8. MA: Hy het so skielik agteruitgegaan. Ek het gedink dis beter om jou maar te bel al het jy nog nie behoorlik uit België grondgevat nie.

9. JOHAN: Ek is bly, Ma. Wat sê die dokter?

10. MA: Die spesialis het mos gesê hulle kan niks aan emfiseem doen nie. Ons dokter sê nou Pa se hart het baie verswak.

11. JOHAN: Ek het nie besef dit kan so vinnig gebeur nie. Uit sy briewe kon ek nie aflei hoe ernstig siek hy is nie.

12. MA: Jy was besig met jou studies, hy wou jou nie ontstel nie.

JOHAN: /

1. JOHAN: Pa het tog nie so baie gerook nie.

2. MA: Hy het die laaste jare met die wolskeerdery baie stof en goed ingeasem. Sy longe was nooit sterk nie – hy het as kind vyf maal longontsteking gekry.

3. JOHAN: Dít het ek nie geweet nie. Hy het nooit daaroor gepraat nie.

4. MA: Hy het my ook maar vertel toe die emfiseem begin het.

5. JOHAN: Hy het my wel vertel hoe hy skape opgepas het en hoe hy in wind en weer na verlore lammers moes gaan soek, en hoe hy op ‘n miershoop vir die skape staan en preek het. Daar is so baie belangrike dinge in ‘n lewe waarvan ‘n mens nie weet nie.

6. MA: Jou pa het nie maklik grootgeword nie. Sy pa is dood toe hy pas hoërskool toe gegaan het. Dis hoekom hy so gou ‘n ambag moes gaan leer.

7. JOHAN: ‘n Hele geslag wat nie geleenthede gehad het nie.

8. MA: Ek weet jy is haastig om hom te sien, maar ek laat hom slaap tot hy self wakker word.

9. JOHAN: Dis goed so. Ek sal wag, en vanaand sal ek by hom waak sodat Ma kan rus.

10. MA: Hy kon nie wag dat jy terugkom nie. Party dae het hy angstig geraak dat jy dalk besluit om in Europa te bly.

JOHAN: /

1. JOHAN: Ek gaan kyk of hy nie dalk wakker is nie.

2. MA: Jy is seker honger en dors. Ek maak solank koffie.

3. JOHAN: **KEER TERUG.** Sy asemhaling is baie vlak, Ma.

4. MA: Dis altyd so. Partykeer lyk dit of hy glad nie asemhaal nie.

5. JOHAN: Dis of ‘n mens se hande afgekap is. Jy wil iets doen maar stuit teen ‘n onmag. Dit maak ‘n mens opstandig, dis eintlik onmoontlik om sommer net te aanvaar.

6. MA: Ek worstel al so lank daarmee.

7. JOHAN: Gaan rus nou, Ma. Ek sal selfs iets te ete kry.

8. MA: Ek sal probeer. Roep my dadelik as hy my nodig kry.

BYK. HUISHORLOSIE SLAAN DIE HALFUUR

9. JAN: Dan het jy gekom.

10. JOHAN: Ek is hier, Pa.

11. JAN: Ek het lank gewag. En die ou asem is so kort…

12. JOHAN: Pa hoef nie te praat nie – solank ons bymekaar is. Ek verstaan. Stilte praat ook.

13. JAN: Wou nog vra oor Gent se universiteit.

14. JOHAN: Ek sal Pa later vertel…

1. JAN: Ek wou jou lankal sê ek is trots op jou.

2. JOHAN: Dankie, Pa.

3. JAN: Onthou jy wat ek eendag in die veld vir jou gesê het? Van jou bes doen?

4. JOHAN: Ek onthou dit goed… Pa het gesê wat ‘n mens ook al doen, al is dit ‘n nederige werk, doen dit na die beste van jou vermoë.

5. JAN: Jy het geluister, ou seun. Ek wil jou iets wys. Kyk in die wastafel se laai, daar is ‘n foto.

6. JOHAN: **NA POUSE:** Is dit hierdie een, Pa?

7. JAN: Ja… Kyk mooi, dis ‘n foto van ons troudag.

8. JOHAN: So jonk nog… Pa met die stetson… en ma wat soos ‘n prinses lyk.

9. JAN: Kyk mooi. Kyk mooi na haar, Johan. Waar is sy?

POUSE

10. JOHAN: Ma...

11. MA: Wat is dit, Johan?

12. JOHAN: Ek dink Ma moet kom.

BYK. DORP SE KERKHORLOSIE SLAAN TWAALF

13. DALENE: Pyn jou oë?

JOHAN: /

1. JOHAN: So ’n bietjie.

2. DALENE: Jou oë traan.

3. JOHAN: Jy sien ook alles raak. Ou mense mag nie huil nie.

4. DALENE: Jy mag maar. Waaraan het jy gedink? Ek vra al weer uit.

5. JOHAN: Aan almal wat nie meer met ons is nie en hoe ons worstel in die tyd tussen geboorte en dood. Die mens kom in die wêreld as enkeling, hy verlaat die wêreld as enkeling. Tussen aankoms en vertrek lê ‘n ganse lewe van soeke, van vind en verlies. Ek het altyd gedink die lewe is ‘n wonder en die dood ‘n misterie. Nou dink ek dis andersom. Die lewe is ‘n misterie, die dood ‘n wonder. En hier is ek nog…

6. DALENE: Jy hoef nie skuldig te voel omdat jy nog leef nie.

7. JOHAN: Dat ek nog hier is, is deel van die misterie.

8. DALENE: ‘n Wonderlike misterie. Dink aan alles wat jy ervaar het, hoe dit uiteindelik in mekaar pas om jou te maak wie jy is.

9. JOHAN: Ja… Alles vloei deur die tyd aaneen.

10. DALENE: Jy kan nie stry nie – die lewe is tog ook ‘n wonder. Dink aan ‘n blom, aan sononder in die Karoo, die vlug van ‘n arend. Alles is daar. Die wonder is dat jy dit kan beleef.

JOHAN: /

1. JOHAN: Ek kan nie met jou stry nie. Ons huil oor die verlies. Ons moet huil van vreugde.

2. DALENE: Jy gaan verswak as jy nie genoeg slaap nie. Om van eet nie eens te praat nie.

3. JOHAN: Dit klink of jy alles ervaar het.

4. DALENE: Miskien het ek.

5. JOHAN: Ek wil nog ‘n rukkie hier sit.

6. DALENE: Miskien kan jy nou maar die verstand en geheue ‘n bietjie afskakel. Ek gaan vir jou ‘n slaapdrankie maak.

BYK. **SELFOON LUI**. **X NA EFFENSE GEROESEMOES VAN STEMME.**

7. PROF**:** Kollegas en vriende, dis ‘n voorreg om hulde te bring aan een van ons voorste leermeesters in die Departement Wysbegeerte. Deur sy boeke, artikels en referate het hy ‘n besondere bydrae gelewer oor die wese van denke in ‘n wêreld waar die vryheid en omvang van denke al meer beperk word. Soos u weet geniet Professor Johan de Vries internasionale erkenning en ons is trots en dankbaar dat hy nog met ons is ná ‘n glansryke loopbaan. Ek moes maar soebat om hom te laat instem om vanaand met ons te praat oor hoe hy tot sy filosofie gekom het. Ek stel hom nou graag aan die woord.

BYK. KLAP VAN HANDE EN DOOF UIT

DALENE: /

1. DALENE: Hier… Drink en kom tot rus.

2. JOHAN: Jy boelie my.

3. DALENE: Dis my plan. Jy moet gehoorsaam wees want ek moet môre weg.

4. JOHAN: Jy weg? So gou? Jy het maar pas opgedaag.

5. DALENE: Jy vergeet, ek is lankal hier…

6. JOHAN: Moet jy regtig al gaan?

7. DALENE: Ja. Dis tyd…

8. JOHAN: Sal jy weer kom?

9. DALENE: Miskien…

10. JOHAN: Jy sê nie waarheen jy gaan nie…

BYK. SELFOON LUI 'N HELE RUK EN DOOF WEG

SLOTAANKONDIGING